



**TONEELSKRYFWERKSWINKEL 2021 onder leiding van ALMA NEL:  
FOKUS OP DIE SKRYF VAN 'N MONOLOOG**

**Baie dankie vir Jan Van Riebeeck se belangstelling in die monoloog-ontwikkelingswerkswinkel. Ek sien vreeslik uit om WEER saam met julle leerders te werk op die volgende datums:**

**Saterdag 6 Maart om 10:00-16:00**

**EN**

**Saterdag 13 Maart om 10:00-16:00 (Individuele sessies)**

**Verlede jaar het twee van Jan van Riebeeck se leerders die Top Twintig in die land behaal met die digitale monoloogkompetisie wat die ATKV in 2020 aangebied het. Dit was 'n voorreg om die monoloë vir hulle te ontwikkel.**

**Hierdie projek vind weer in 2021 plaas onder die projek, Digitoneel.**

**Kom slyp jou skryfvaardighede en skryf jou eie monoloog!**

**Dit is vir leerders wat OF net in die skryfproses belangstel OF wil skryf en hul monoloog wil opvoer.**

**Monoloë skryf is 'n werklike uitdaging. Jy het slegs een karakter wat met hulself 'n dialoog voer. Deur middel van hul stem moet jy 'n verhaal vertel en hul karakter openbaar. Dit is maklik om die oppervlak van 'n karakter te wys, maar dit sal nie vir 'n gehoor baie interessant wees nie. Jy moet 'n dieper karaktertrek openbaar. Daarom is die moeilikste ding om aan die gehoor 'n aspek van die karakter te wys waarvan die karakter self nie bewus is nie. As jy dit kan regkry, sal die gehoor geboei wees.**

**Om 'n karakter te ken, is om in hul binneste rond te beweeg en 'n basis te skep vir hul persoonlikheid en begeertes, sodat jy nooit hoef te stop en te dink oor wat hulle in 'n gegewe situasie sal doen**

of sê nie; daar is geen twyfel oor hul volgende optrede nie, want die karakters tree op soos jy sou, as jy in daardie situasie was.

Om dit te kan doen, moet jy 'n innige empatie hê met die mense wat jy bestudeer het, insluitend jousef, en die hele rolverdeling van karakters waaruit jy, die dramaturg, bestaan.

En dis waarom hierdie werskwinkel onder andere handel: die skep van sterk, vernuwende monoloë deur unieke stemme van die leerders van Hoërskool Jan van Riebeeck wat tot grensverkuiwende werk kan lei.

KOSTE? Die skool dra die helfte van die koste.

Dus beloop die koste net R 375 per leerder vir die twee Saterdag.